

**R F van den Berg 609 Ebenhaeser Anna Wilsonseaat 211**

**Kilnerpark Pretoria S.A. <reinierfvdb@gmail.com.**

=====

Aan die sinode van die VGK

Wat hoop saam te kom as inperking dit toelaat.

11 Januari 2021

Geagte sinode,

Helaas kon u vergadering weens inperking in September nie plaas vind nie. Die uitstel, as gevolg van die inperking, gee my nou geleentheid om u te versoek my beroep op u vergadering, ondanks te late indiening, tog as toelaatbaar te verklaar. Die versoek wil ek beklemtoon, sodat wanneer u meen dat ek veronteg is, vir alle plaaslike VGK kerke die reg vir alle belydsende lidmate vaslê; dat hul veroek om visitatore te spreek nie geweier kan word nie.

Die beroep op u vergadering is insake verontregting vanweë die eweiering deur my kerkraad, van die VGK Pretoria Maranata, om die visitatore van die Klassis Noord einde 2019 te spreek. Daarom het ek my op die Klassis vergadering van November 2019 beroep, wat vreemd genoeg nie op my verontregting ingegaan het nie, maar my terug verwys het na my kerkraad. Wat vir my sinloos is, omdat my kerkraad wel reageer op my besware, die besware self egter nie aanspreek nie, dit is wat ek huis aan die Klassis visitatore wou voorlê.

Gevolgtreklik het ek my besware weer aan die Klassis van 15 Februarie 2020 voorgelê, soos in die kopie wat ek met my beroep op u sinode vergadering saam aan u voorlê. Die Klassis het my berig dat sy behandeling tot haar volgende vergadering uitstel is, omdat my beswaar in Afrikaans gestel is en na Engels vertaal moet word. Die Klassis skryf het my daarvan in kennis gestel en ook die vertaling laat toekom. Weens my gebrekkige kennis van die engelse taal kon ek nie vasstel, of die vertaling my besware reg verwoord het nie. Die Klassis vergadering van 15 Mei 2020 is as gevolg van die inperking uitgestel. Ondanks dat die Klassis eind 2020 vergader het, het ek tot op hede geen reaksie van die Klassis ontvang nie.

Daarom versoek ek u vergadering, gesien die tydsduur uit te spreek dat die kerkraad van die VGK Pretoria Maranata ten onregte my versoek om visitatore te spreek geweier het. Ook wanneer u my veroek in die beroep op u vergadering aanvaar, tewens die wenslikheid sal oorweeg, of artikel 44 nie ooreenkomsdig u besluit aangepas moet word nie.

My bede is dat die Heilige Gees u vergadering in sy volle waarheid sal lei, broedergroete,

R F van den Berg.

Bylae:

**R F van den Berg Woonstel 609 Ebenhaeser Telf: 012 4030013**

**Anna Wilsonstraat 211 Kilnepark 0186 E pos <reinierfvdb@telkomsa.net**

=====

**Aan Klassis Noord van VGKSA**

**4 Maart 2020**

**Wat in Mei 2020 hoop te vergader**

**Betref: U skrywe d.d.27 Februarie 2020**

Geagte broeders in Christus,

Met verwondering het ek daarvan kennis geneem, dat u my versoek insake regstelling van die onreg wat my deur my kerkraad aangedoen is in die weiering om met Visitatore te spreek, maar die sake waaroor ek met die Visitatore wou spreek in behandeling geneem het.

Met opset het ek die sake nie aan u voorgelê nie, omdat hulle by my kerkraad wat met Christus as Hoof van elke gemeente hulle moet afhandel. Ek moes hulle egter wel summier in my skrywe vermeld, omdat my kerkraad 'n versoek om met visitatore te spreek dit verlang. Daarom is dit nie nodig om op u opmerking oor te min inligting in te gaan nie, maar dit vertel wel dat my kerkraad u te weinig inligting, op navraag van u kommissie verskaf het.

Dit beklemtoon tegelyk die feit dat die kerkorde se beroep op 'n meerder vergadering noodsaaklik ag omdat 'n kerkraad soos alle kerklede feilbaar is. Die weiering van 'n kerkraad om met visitatore te spreek 'n ongeag dit waaroor die gesprek aangevra is, dan ook 'n onkerklike handeling is. Want wanneer u volledige dokumentasie ontvang het sou u kommissie raakgesien het dat in beide preke oor S.2 Kat. die versekering deur die Heilige wat Christus verseker; onvoldoende is deurdat ons self die eerste stap na die ewige lewe moet sit. Daarin word u en my Here Jesus Christus as 'n onvolkome saligmaker voorgestel, waar die salig wees deur ons stappe van ellendekennis aangevul moet word. Pleks dat my kerkraad die miskenning van my Heiland se gawes raaksien verwyt sy my gebrek aan agting vir haar gesag.

Dit gaan in hierdie saak egter nie om my gelyk nie, maar daarom dat die eer van Christus aangetas word en by die gemeente Maranata, by preke oor goeie werke, die indruk gewek word dat hulle vir salig wees noodsaaklik is, soos dit in die 2 preke oor sondag 2 duidelik uitkom.

Daarom versoek ek u raad dat u my kerkraad op sy onkerklike handeling van weiering om met visitatore te spreek wil wys, sodat u raad in die vervolg ook 'n volledig beeld van die kerklike lewe van die gemeente Maranata kan kry.

Hartlike broedergroete,

**R F van den Berg**